# WBTI-HANDLEIDING

**Opgestel ingevolge artikel 14 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000) (soos gewysig)**

**Vir**
**Suid-Afrikaanse Nasionale Parke**
**(SANParke)**

**DATUM SAAMGESTEL: 01/07/2026**

# INHOUDSOPGAWE


1. WOORDOMSKRYWING EN UITLEG ..... 3
2. INLEIDING ..... 5
3. OOGMERK VAN DIE WBTI-HANDLEIDING ..... 6
4. INSTELLING VAN SANPARKE ..... 6
5. STRUKTUUR VAN SANPARKE ..... 10
6. SLEUTELKONTAKBESONDERHEDE VIR TOEGANG TOT INLIGTING VAN SANPARKE ..... 12
7. BESKRYWING VAN ALLE REGSMIDDELE BESKIKBAAR TEN OPSIGTE VAN 'N HANDELING OF 'N VERSUIM OM TE HANDEL DEUR SANPARKE ..... 13
8. GIDS OOR HOE OM DIE WBTI TE GEBRUIK EN HOE OM TOEGANG TOT DIE GIDS TE VERKRY ..... 14
9. BESKRYWING VAN DIE ONDERWERPE VAN DIE REKORDS EN KATEGORIEË VAN REKORDS GEHOU DEUR SANPARKE ..... 16
10. DIE JONGSTE KENNISGEWING BETREFFENDE DIE KATEGORIEË VAN REKORDS VAN SANPARKE WAT BESKIKBAAR IS SONDER DAT 'N PERSOON 'N VERSOEK OM TOEGANG HOEF TE RIG ..... 19
11. DIENSTE BESKIKBAAR AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK VANAF SANPARKE EN HOE OM TOEGANG TOT DAARDIE DIENSTE TE VERKRY ..... 20
12. OPENBARE BETROKKENHEID BY DIE FORMULERING VAN BELEID OF DIE UITOEFENING VAN BEVOEGDHEDE OF DIE UITVOERING VAN PLIGTE DEUR SANPARKE ..... 20
13. PROSESSERING VAN PERSOONLIKE INLIGTING ..... 21
14. BESKIKBAARHEID VAN HANDLEIDING ..... 23
15. BYWERKING VAN HANDLEIDING ..... 24

## 1. WOORDOMSKRYWING EN UITLEG

1.1 In hierdie dokument is klousule-opskrifte vir gerief en moet dit nie in die uitleg daarvan gebruik word nie, tensy die konteks duidelik 'n teenoorgestelde bedoeling aandui–

1.1.1 **Adjunk-inligtingsbeampte** beteken 'n persoon wat behoorlik ingevolge artikel 17 van die WBTI en artikel 56 van die WBPI deur die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam gedelegeer en aangewys is om die pligte en verantwoordelikhede wat deur hierdie wette opgelê word, uit te voer of te help met die uitvoering daarvan;

1.1.2 **Datasubjek** beteken die individu of entiteit op wie die persoonlike inligting betrekking het soos volledig in artikel 1 van die WBPI beskryf;

1.1.3 **Grondwet** beteken die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.1.4 **Handleiding** beteken hierdie WBTI-handleiding soos van tyd tot tyd gewysig;

1.1.5 **Inligtingsbeampte** vir 'n openbare entiteit, dit beteken die hoof- uitvoerende beampte (HUB), of die persoon wat in daardie hoedanigheid optree;

1.1.6 **Minister** beteken die kabinetslid wat vir nasionale omgewingsbestuur verantwoordelik is;

1.1.7 **Organisasie** beteken SANParke;

1.1.8 **Persoonlike inligting** beteken inligting aangaande 'n persoon of entiteit wat daardie persoon of entiteit identifiseer, d.w.s. kontakbesonderhede; fisiese adres; maatskappylogo; mediese, finansiële, werks- en opvoedkundige geskiedenis; ouderdom; geslag; ras; etnisiteit; e-posadresse; foonboodskappe; biometriese inligting; persoonlike menings, sienings of voorkeure; ens.;

1.1.9 **Raad** beteken die Raad van Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (SANParke) bedoel in artikel 57 van die "National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003" [Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede] (Wet No. 57 van 2003);

1.1.10 **SANParke** beteken Suid-Afrikaanse Nasionale Parke, 'n statutêre liggaam wat ingevolge die nou herroepe Wet op Nasionale Parke, 1976 (Wet No. 57 van 1976) ingestel is en voortbestaan ingevolge artikel 54(1) van die "National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003" (Wet No. 57 van 2003) (soos gewysig);

1.1.11 **Verantwoordelike party** beteken 'n openbare of privaat liggaam of enige ander persoon wat, eiehandig of in samewerking met andere, die oogmerk van en middele

van prosessering van persoonlike inligting bepaal soos volledig in artikel 1 van die WBPI beskryf en vir ons oogmerk is SANParke die verantwoordelike party;

1.1.12 **Versoeker** beteken 'n natuurlike of regspersoon wat toegang tot inligting versoek. 'n Versoeker verwys ook na die persoon wat 'n versoek namens iemand anders rig;

1.1.13 **WBPI** beteken die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013);

1.1.14 **WBTI** beteken die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000).

1.2 Enige verwysing na enige wet, regulasie of ander wetgewing is 'n verwysing na daardie wet, regulasie of ander wetgewing soos op die datum van ondertekening en soos van tyd tot tyd gewysig of vervang.

1.3 Indien enige bepaling in 'n woordomskrywing 'n wesenlike bepaling is, wat 'n reg verleen of 'n verpligting aan enige party oplê, sal daar, ongeag dat dit slegs in 'n woordomskrywing is, in die inhoud van hierdie dokument uitvoering aan daardie bepaling gegee word asof dit 'n wesenlike bepaling is.

1.4 Waar enige term binne 'n bepaalde klousule anders as hierdie omskryf word, sal daardie term die betekenis dra wat in daardie klousule daaraan toegeskryf word waar dit ook al in hierdie dokument gebruik word.

1.5 Waar enige getal dae vanaf 'n bepaalde dag bereken moet word, word sodanige getal bereken deur sodanige bepaalde dag uit te sluit en op die volgende dag te begin. Indien die laaste dag van sodanige getal wat aldus bereken is op 'n dag val wat nie 'n besigheidsdag is nie, word die laaste dag geag die daaropvolgende dag te wees wat 'n besigheidsdag is.

1.6 Enige verwysing na dae (anders as 'n verwysing na besigheidsdae), maande of jare is 'n verwysing na kalenderdae, -maande of -jare, na gelang van die geval.

1.7 Die gebruik van die woord "insluitende" gevolg deur 'n spesifieke voorbeeld sal nie vertolk word as 'n beperking van die betekenis van die algemene bewoording wat dit voorafgaan nie en die *eiusdem generis*-reël sal nie toegepas word in die uitleg van sodanige algemene bewoording of sodanige spesifieke voorbeeld nie.

1.8 In soverre daar 'n teenstrydigheid tussen die uitleg van of toepassing van hierdie dokument en die WBTI is, gee die WBTI die deurslag.

1.9 Hierdie dokument gee nie voor om uitvoerig te wees of om elke prosedure waarvoor daar in die WBTI voorsiening gemaak word, volledig te hanteer nie. 'n Versoeker word aangeraai om hom- of haarself te vergewis van die bepalings van die WBTI voordat enige versoek by die maatskappy ingedien word.

## 2. INLEIDING

2.1 Die reg op toegang tot inligting is 'n fundamentele hoeksteen van 'n deursigtige, verantwoordingspligtige en deelnemende demokrasie. Artikel 32(1)(*a*) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal dat *"elkeen die reg het op toegang tot enige inligting wat deur die staat gehou word."* Hierdie reg is instrumenteel om te verseker dat openbare liggame toeganklik vir ondersoek bly en verantwoordingspligtig is teenoor die publiek wat hulle dien.

2.2 Om uitvoering aan hierdie grondwetlike reg te gee, is die WBTI uitgevaardig. Die WBTI beoog om 'n kultuur van deursigtigheid en verantwoordingspligtigheid in openbare en privaat liggame te bevorder deur van hulle te vereis om toegang tot inligting aktief te bevorder.

2.3 Dit stel verder meganismes en prosedures in om lede van die publiek in staat te stel om toegang te versoek tot rekords en inligting wat deur sodanige liggame gehou word, onderhewig aan regverdigbare beperkings wat daarop gerig is om belangrike belange te beskerm, insluitende die beskerming van privaatheid en die doeltreffende funksionering van openbare administrasie.

2.4 Artikel 14 van die WBTI lê spesifiek 'n verpligting op alle openbare liggame om 'n handleiding saam te stel en beskikbaar te stel wat inligting verskaf oor:

2.4.1 die struktuur, werksaamhede en dienste van die openbare liggaam;
2.4.2 die kontakbesonderhede van inligtingsbeamptes;
2.4.3 die kategorieë van rekords gehou deur die liggaam;
2.4.4 prosedures om 'n versoek om toegang tot rekords te vergemaklik;
2.4.5 inligting wat outomaties beskikbaar is sonder dat dit nodig is vir 'n formele versoek; en
2.4.6 enige ander tersaaklike inligting wat die publiek kan help om hul reg op toegang uit te oefen.

2.5 Hierdie handleiding is opgestel ter voldoening aan die verpligtinge wat in die WBTI uiteengesit is en het ten doel om individue te help verstaan hoe om toegang te verkry tot inligting wat deur SANParke gehou word. SANParke is daartoe verbind om

openheid en verantwoordingspligtigheid te bevorder deur te verseker dat toegang tot inligting doeltreffend, billik en ooreenkomstig die wet vergemaklik word.

## 3. OOGMERK VAN DIE WBTI-HANDLEIDING

Hierdie WBTI-handleiding is nuttig en het ten doel om–

3.1 die publiek in te lig oor die aard van die rekords wat reeds by SANParke beskikbaar mag wees sonder dat dit nodig is om 'n formele WBTI-versoek in te dien;

3.2 die publiek 'n begrip te gee van hoe om 'n versoek om toegang tot 'n rekord van SANParke te rig;

3.3 alle tersaaklike kontakbesonderhede te verskaf van die persone wat die publiek sal bystaan met die rekords waartoe hul toegang wil verkry;

3.4 die publiek in te lig oor alle regsmiddele wat beskikbaar is vanaf SANParke betreffende versoeke om toegang tot rekords voordat hul die Reguleerder of howe nader;

3.5 'n beskrywing te verskaf van die dienste wat aan die publiek beskikbaar is by SANParke en hoe om toegang tot daardie dienste te verkry;

3.6 'n beskrywing van die gids oor hoe om die WBTI te gebruik, soos bygewerk deur die Reguleerder, aan die publiek te verskaf en hoe om toegang daartoe te verkry;

3.7 die publiek in te lig, indien SANParke persoonlike inligting sal prosesseer, wat die oogmerk van die prosessering van persoonlike inligting is en die beskrywing van die kategorieë van datasubjekte en van die inligting of kategorieë van inligting wat daarmee verband hou;

3.8 die publiek in te lig of SANParke beplan het om persoonlike inligting buite die Republiek van Suid-Afrika oor te dra of te laat prosesseer en die ontvangers of kategorieë van ontvangers aan wie persoonlike inligting verskaf kan word; en

3.9 die publiek in te lig of SANParke toepaslike sekuriteitsmaatreëls getref het om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van persoonlike inligting wat geprosesseer gaan word, te verseker.

## 4. INSTELLING VAN SANPARKE

4.1 SANParke is aanvanklik ingevolge die nou herroepe Wet op Nasionale Parke, 1976 (Wet No. 57 van 1976), ingestel en bly voortbestaan ingevolge die "National

Environmental Management: Protected Areas Act, 2003" (Wet No. 57 van 2003) (NEM: PAA).

4.2 **Grondwetlike mandaat**

4.2.1 Die mandaat van SANParke word onderlê deur artikel 24(*b*) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, wat bepaal:

*"Elkeen het die reg–*

*(a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie; en*
*(b) op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat–*
  *(i) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom;*
  *(ii) bewaring bevorder; en*
  *(iii) die ekologies volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder."*

4.3 **Wetgewende mandaat**

4.3.1 SANParke werk binne 'n raamwerk van wetgewende en regulatoriese mandate wat sy bewarings- en bestuurspogings lei. Ingevolge die NEM: PAA het SANParke die bevoegdheid om nasionale parke en ander bepaalde beskermde gebiede en hul biologiese diversiteit (biodiversiteit) te bewaar, te beskerm, te beheer en te bestuur. As 'n openbare entiteit word SANParke ook deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999) (soos gewysig deur Wet No. 29 van 1999), bestuur en word dit gelys as 'n Bylae 3A: 25 openbare entiteit.

4.3.2 Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No. 107 van 1998) (WNOB), dien as die hoeksteen van Suid-Afrika se omgewingsbestuursraamwerk wat beginsels van volhoubare ontwikkeling, openbare deelname en samewerkende bestuur daarstel. Die WNOB onderlê die aktiwiteite van SANParke deur omgewingsbestuursbeginsels af te dwing wat verseker dat omgewingsregte en -verantwoordelikhede oor alle bedrywighede heen gehandhaaf word.

4.3.3 Die Wysigingswette op Nasionale Omgewingsbestuur (2003, 2004, 2008) bou voort op die WNOB deur maatreëls vir voldoening en afdwinging in te voer terwyl omgewingsmagtigingsprosesse gestroomlyn word. Hierdie wette versterk die rol van omgewingsbestuursinspekteurs en verleen aan hulle die bevoegdhede om as

vredesbeamptes op te tree. Dit verseker die integrasie van omgewingsbestuursvereistes oor verskeie sektore heen, insluitende mynbou en waterbronne.

4.3.4 Die biodiversiteits- en bewaringsmandaat van SANParke is in 'n stewige wetgewende raamwerk gewortel wat die beskerming en volhoubare gebruik van Suid-Afrika se natuurlike erfenis verseker. Die "National Environmental Management: Biodiversity Act, 2004" [Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit] (Wet No. 10 van 2004), bied 'n omvattende grondslag vir die bestuur van die land se biodiversiteit. Dit fokus op die beskerming van bedreigde spesies en ekosisteme, die bevordering van die volhoubare gebruik van biologiese hulpbronne en die versekering van die regverdige en billike verdeling van voordele wat uit bioprospektering verkry word.

4.3.5 In ooreenstemming met hierdie pogings beveilig die Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999 (Wet No. 49 van 1999), Suid-Afrika se Wêrelderfenisterreine, wat hul beskerming en volhoubare ontwikkeling verseker. Die integrasie van nasionale wetgewing met die Wêrelderfeniskonvensie van die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (Unesco) ondersteun die bewaring van gebiede wat erken word vir hul kulturele en natuurlike belang. Saam lei hierdie wette SANParke in die vervulling van sy missie om biodiversiteit te bewaar en gebiede van ekologiese en kulturele belang vir toekomstige geslagte te beskerm.

4.3.6 Die mariene en kusbestuursmandaat van SANParke word gelei deur 'n wetgewende raamwerk wat daarop gerig is om die volhoubare gebruik en bewaring van Suid-Afrika se kus- en mariene omgewings te verseker. Die "National Environmental Management: Integrated Coastal Management Act, 2008" [Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur] (Wet No. 24 van 2008), stel maatreëls in vir die volhoubare ontwikkeling en bewaring van kus- en estuariese omgewings. Dit bevorder verantwoordelike kusbestuur deur besoedeling aan te spreek, toegang te beheer en mariene ekosisteme te bewaar.


4.3.7 Die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, 1998 (Wet No. 18 van 1998), beheer die volhoubare gebruik en bewaring van lewende mariene hulpbronne. Terwyl die meeste bevoegdhede kragtens hierdie Wet nou by die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing berus, bly SANParke verantwoordelik vir die bestuur van beskermde mariene gebiede en die versekering van die omgewingsvolhoubaarheid van mariene ekosisteme.

4.3.8 Daarbenewens verklaar die Strandwet, 1935 (Wet No. 21 van 1935) staatseienaarskap van die strand en gebiedswaters, wat aan SANParke gesag oor beskermde kusgebiede verleen. Hierdie Wet onderlê die rol van SANParke in die afdwinging van bewaringsmaatreëls langs die kuslyn, wat hierdie kritieke habitatte vir toekomstige geslagte beskerm. Saam vorm hierdie wette die grondslag van die pogings wat SANParke onderneem om Suid-Afrika se mariene en kusbiodiversiteit te bewaar.

**5. STRUKTUUR VAN SANPARKE**

5.1 **Struktuur**

<u>HOËVLAKMAKROSTRUKTUUR VAN SANPARKE</u>



5.2 **Werksaamhede**

Die werksaamhede van SANParke kan in drie sleutelpilare opgesom word:

5.2.1 **Volhoubare bewaring:** Volhoubare biodiversiteit en kulturele erfenis oor land en see heen lewer voordele vir die mense van Suid-Afrika en die wêreld, nou en in die toekoms. Dit word deur die bedrywighede in parke en die Kruger Nasionale Park; die spesiale projekte en infrastruktuurprogramme; en bewaringsdienste geïmplementeer.

5.2.2 Volhoubare bewaring word geïmplementeer deur:

5.2.2.1 uitbreiding van beskermde gebiede, wat ooreenstem met die Nasionale Uitbreidingstrategie vir Beskermde Gebiede en die grondinsluitingsplan van SANParke;

5.2.2.2 doeltreffende en doelmatige bestuur van alle nasionale parke en ander beskermde gebiede wat aan SANParke toegewys is;

5.2.2.3 rehabilitasie van gedegradeerde ekosisteme;

5.2.2.4 vermindering van kwesbaarheid vir klimaatsverandering en verbeterings aan klimaatsveerkragtigheid;

5.2.2.5 'n raamwerk vir die verbeterde bestuur van watersisteme;

5.2.2.6 'n raamwerk vir die verbeterde bestuur van kulturele erfenis te ontwikkel;

5.2.2.7 volhoubare bevolkings van spesies van spesiale belang te monitor en te handhaaf;

5.2.2.8 bydraes tot verbeterde wildbestuur en wildbevolkings van die Afrika-reeks vol te hou; en

5.2.2.9 wild- en omgewingsmisdaad in nasionale parke en ander beskermde gebiede te verminder.

5.2.3 **Diverse en verantwoordelike toerisme:** die oogmerk van diverse en verantwoordelike toerisme is om toerisme te verbeter om ekonomiese opbrengste en maatskaplike en omgewingsvoordele te maksimeer deur gediversifiseerde en beter toerismeprodukte te skep vir mense om te geniet, te besoek en te waardeer. Dit word deur 'n aantal onderling verbonde eenhede geïmplementeer wat spesifieke toerismeverwante werksaamhede oor die organisasie heen dryf.

5.2.3.1 Ekotoerisme-ontwikkeling: wat natuurgebaseerde toerismedienste, insluitende akkommodasie en aktiwiteite, lewer om mense met die natuur te verbind.

5.2.3.2 Inkomstegenerering: wat inkomste deur toerisme genereer om staatsbefondsing vir bewaring aan te vul.

5.2.3.3 Openbare-privaat vennootskappe: wat kontrakte vir toerismedienste bestuur om ekonomiese opbrengste te verbeter.

5.2.3.4 Bemarking en onderrig: wat parke aan besoekers bemark en omgewingsonderrigprogramme verskaf.

5.2.4 **Sosio-ekonomiese transformasie:** SANParke erken dat die meeste van sy nasionale parke in landelike gebiede met beperkte geleenthede vir ontwikkeling, hoë vlakke van armoede, werkloosheid en ongelykhede geleë is. Hy erken ook die ongeregtighede van die verlede waarin die meeste van hierdie nasionale parke op grond gevestig is wat tydens apartheid van die regmatige eienaars ontneem is. SANParke het ten doel om transformasie binne omliggende gemeenskappe te bewerkstellig deur meer geleenthede te bied om betrokke te raak en voordele uit SANParke se sake te put en opleiding te vergemaklik wat daarop gerig is om bewustheid te skep en kennis en vaardighede van teikengroepe te verbeter. Dit sluit die volgende in:

5.2.4.1 transformasie van die wildekonomie deur verhoogde deelname van voorheen benadeelde individue;

5.2.4.2 verbeterde deelname van voorheen benadeelde individue in SANParke;

5.2.4.3 verhoogde toegang tot onderrig en vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede;

5.2.4.4 volgehoue korporatiewe maatskaplike belegging in gemeenskapsontwikkeling; en

5.2.4.5 verbeterde deelname van grondeisers in SANParke se sake.

## 6. SLEUTELKONTAKBESONDERHEDE VIR TOEGANG TOT INLIGTING VAN SANPARKE

6.1 Ingevolge die WBTI en WBPI, word die hoof- uitvoerende beampte van 'n openbare liggaam outomaties aangewys as die inligtingsbeampte. Die kontakbesonderhede van die inligtingsbeampte word hieronder gelys, terwyl die volledige inligting op SANParke se webtuiste beskikbaar is by: https://www.sanparks.org/corporate

6.2 **Inligtingsbeampte:**

Die hoof- uitvoerende beampte

Telefoon: 012 426 5000/2

E-pos: ceo@sanparks.org/liz.mahlangu@sanparks.org

**Adjunk-inligtingsbeampte:**

Die hoofbestuurder: Regsdienste

Telefoon: 012 426 5000/59/76

E-pos: fahlaza.monaledi@sanparks.org/honey.lawrence@sanparks.org

6.3 **Toegang tot inligting – algemene kontakbesonderhede:**

E-pos: paiaapplications@sanparks.org

6.4 **Hoofkantoor:**

| | |
|---|---|
| Posadres: | Posbus 787, Pretoria, 0001 |
| Fisiese adres: | Leydsstraat 643, Muckleneuk, Pretoria, 0002 |
| Telefoon: | 012 426 5000 |
| Webtuiste: | https://www.sanparks.org |

## 7. BESKRYWING VAN ALLE REGSMIDDELE BESKIKBAAR TEN OPSIGTE VAN 'N HANDELING OF 'N VERSUIM OM TE HANDEL DEUR SANPARKE

7.1 **Interne appèlproses**

7.1.1 SANParke beskik nie oor 'n interne appèlprosedure nie.

7.2 **Nader die Inligtingsreguleerder of enige regulatoriese liggaam**

7.2.1 'n Versoeker (of derde party waar van toepassing) kan herstel van die Inligtingsreguleerder aanvra ten opsigte van die volgende besluite van die inligtingsbeampte:

7.2.1.1 weiering of gedeeltelike weiering van 'n versoek om toegang;
7.2.1.2 die bedrag van gelde wat betaalbaar is;
7.2.1.3 weiering om versoek om kwytskelding van gelde toe te staan;
7.2.1.4 versuim om rekords openbaar te maak;
7.2.1.5 die verlenging van die tydperk waarin die inligting verstrek sal word; en
7.2.1.6 verlening van toegang tot 'n rekord in 'n vorm wat anders is as die een wat oorspronklik versoek is.

7.3 **Nader enige hof met jurisdiksie vir toepaslike regshulp**

7.3.1 'n Versoeker (of derde party waar van toepassing) kan regshulp van enige hof met toepaslike jurisdiksie aanvra ten opsigte van die volgende besluite van die inligtingsbeampte:

7.3.1.1 weiering of gedeeltelike weiering van 'n versoek om toegang;

7.3.1.2 die bedrag van gelde wat betaalbaar is;

7.3.1.3 weiering om versoek om kwytskelding van gelde toe te staan;

7.3.1.4 versuim om rekords openbaar te maak;

7.3.1.5 die verlenging van die tydperk waarin die inligting verstrek sal word; en

7.3.1.6 verlening van toegang tot 'n rekord in 'n vorm wat anders is as die een wat oorspronklik versoek is.

7.3.2 Alle regsprosesse moet aan die inligtingsbeampte en/of adjunk-inligtingsbeampte beteken word.

## 8. GIDS OOR HOE OM DIE WBTI TE GEBRUIK EN HOE OM TOEGANG TOT DIE GIDS TE VERKRY

8.1 Die Reguleerder het, ingevolge artikel 10(1) van die WBTI, die hersiene gids oor hoe om die WBTI (gids) te gebruik bygewerk en beskikbaar gestel in 'n maklik verstaanbare vorm en wyse, soos redelikerwys benodig word deur 'n persoon wat enige reg wat in die WBTI en die WBPI beoog word wil uitoefen.

8.2 Die gids is in elk van die amptelike tale beskikbaar.

8.3 Die gids bevat 'n beskrywing van:

8.3.1 die oogmerke van die WBTI en die WBPI;

8.3.2 die pos- en straatadres, foon- en faksnommer en, indien beskikbaar, elektroniese posadres van–

8.3.2.1 die inligtingsbeampte van elke openbare liggaam; en

8.3.2.2 elke adjunk-inligtingsbeampte van elke openbare en privaat liggaam aangewys ingevolge artikel 17(1) van die WBTI en artikel 56 van die WBPI;

8.3.3 die wyse en vorm van 'n versoek om–

8.3.3.1 toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam beoog in artikel 11; en

8.3.3.2 toegang tot 'n rekord van 'n privaat liggaam beoog in artikel 50;

8.3.4 die bystand beskikbaar vanaf die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam ingevolge die WBTI en die WBPI;

8.3.5 die bystand beskikbaar vanaf die Reguleerder ingevolge die WBTI en die WBPI;

8.3.6 alle regsmiddele beskikbaar betreffende 'n handeling of 'n versuim om te handel ten opsigte van 'n reg of verpligting toegeken of voorgeskryf deur die WBTI en die WBPI, insluitende hoe om–

8.3.6.1 'n interne appèl aan te teken;

8.3.6.2 'n klagte aan die Reguleerder in te dien; en

8.3.6.3 'n aansoek by die hof in te dien teen 'n besluit deur die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam, 'n besluit oor interne appèl, 'n besluit deur die Reguleerder of 'n besluit deur die hoof van 'n privaat liggaam;

8.3.7 die bepalings van artikels 14 en 51 wat vereis dat 'n openbare liggaam en privaat liggaam onderskeidelik, 'n handleiding saamstel en hoe om toegang tot 'n handleiding te verkry;

8.3.8 die bepalings van artikels 15 en 52 wat voorsiening maak vir die vrywillige openbaarmaking van kategorieë van rekords deur 'n openbare liggaam en privaat liggaam onderskeidelik;

8.3.9 die kennisgewings wat ingevolge artikels 22 en 54 uitgevaardig is betreffende gelde wat met betrekking tot versoeke om toegang betaal moet word; en

8.3.10 die regulasies ingevolge artikel 92 uitgevaardig.

8.4 Lede van die publiek kan tydens gewone werksure insae in die gids kry of afskrifte daarvan maak by die kantore van die openbare of privaat liggame, insluitende die kantoor van die Reguleerder.

8.5 Die gids kan ook verkry word–

8.5.1 op versoek aan die inligtingsbeampte of hoof van die privaat liggaam deur Vorm 1 te gebruik wat beskikbaar is by https://inforegulator.org.za/paia-forms/;

8.5.2 op versoek aan die Inligtingsreguleerder, deur Vorm 1 ('n versoek vir 'n afskrif van die gids) te stuur na– PAIACompliance@infoRegulator.org.za; en

8.5.3 vanaf die webtuiste van die Reguleerder (https://inforegulator.org.za/paia-guidelines/).

## 9. BESKRYWING VAN DIE ONDERWERPE VAN DIE REKORDS EN KATEGORIEË VAN REKORDS GEHOU DEUR SANPARKE

| Onderwerpe waaroor SANParke rekords hou | Kategorieë van rekords gehou vir elke onderwerp |
|---|---|
| Statutêre en regulatoriese raamwerk | "National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003" (Wet No. 57 van 2003); "Regulations for the Proper Administration of Special Nature Reserves, National Parks and World Heritage Sites" [Regulasies vir die Behoorlike Administrasie van Spesiale Natuurreservate, Nasionale Parke en Wêrelderfenisterreine]; "Regulations for the Proper Administration of the Knysna Protected Environment" [Regulasies vir die Behoorlike Administrasie van die Knysna Beskermde Omgewing] |
| Strategiese dokumente, planne | Jaarverslae; strategiese planne; jaarlikse prestasieplan; (aanlyn beskikbaar op die webtuiste www.sanparks.org) |
| Organisatoriese rekords | Alle trustaktes; notules van vergaderings van die Raad van SANParke, uitvoerende bestuurskomitee en ander komitees in die organisasie; delegering van gesag; organisasiestruktuur; beleidsontwikkeling en -hersiening; korrespondensie met belanghebbendes; beleide |
| Verslae | Statutêre verslagdoening; Kruger impakverslag; SANParke navorsingsverslag |
| Publikasies | *Koedoe* – die wetenskaplike joernaal vir die bewaring en wetenskap van beskermde gebiede in Afrika; reeks webjoernale oor werk binne wetenskaplike dienste; *Go Wild*; brosjures |

| Onderwerpe waaroor SANParke rekords hou | Kategorieë van rekords gehou vir elke onderwerp |
|---|---|
| Aanstelling | Ouditeurs; bodspesifikasiekomitee; bodevalueringskomitee; bodbeoordelingskomitee; diensverskaffers |
| Finansiële bestuur | Finansiële rekeningkunde; finansiële state; toevallings; eiendom, aanleg en toerusting; ontasbare bates; begrotings; ondernemings- en verskafferontwikkeling; vrugtelose, verkwistende en onreëlmatige uitgawes; LBS-rekords; dokumente wat aan werknemers uitgereik word vir inkomstebelastingsoogmerke; rekords van betalings wat namens werknemers aan die SAID gemaak is; alle ander statutêre voldoenings; belasting op toegevoegde waarde; streeksdiensteheffings; vaardigheidsontwikkelingsheffings; werkloosheidsversekeringsfonds; werkersvergoeding |
| Bewaring | Park- en BMG-bestuursplanne; parkuitbreidings; versoeke om verklarings en terugtrekkings; eiendomswaardasies; kontraktuele parkooreenkomste; parkbestuursooreenkomste; biodiversiteitskompensasie-ooreenkomste; koolstofkrediet-uitvoerbaarheid; kulturele erfenisbepalings; erfenisdokumentêre; kulturele erfenisinligting en artefakte; erfenisterreine; museumuitstallings; wildbevolkings en metabevolkings; volhoubare hulpbronne; wildonttrekking en -benutting; wildekonomie; spesies van spesiale belang; biodiversiteitsmonitering; ewekniebeoordeelde publikasies; navorsingsprojekte; navorsingsverslae; plantegroeistudies; bepalings van kwesbaarheid vir klimaatsverandering; inligting teen wildstropery; |

| Onderwerpe waaroor SANParke rekords hou | Kategorieë van rekords gehou vir elke onderwerp |
|---|---|
| | inligting oor omgewingsmisdaadwaarneming en -tegnologie; en vuurwapenverslae |
| Personeeldokumente en -rekords | Ongeluksboeke en -rekords; adreslyste; dissiplinêre kode en rekords; reëlings, reëls en rekords vir werknemersvoordele; dienskontrakte; diensbillikheidsplan; vorms en aansoeke; grieweprosedures; verlofrekords; mediesefondsrekords; betaalstaatverslae of loonregister; pensioenfondsrekords; veiligheids-, gesondheids- en omgewingsrekords; salarisrekords; SOOO-rekords; standaardbriewe en -kennisgewings; opleidingshandleidings; opleidingsrekords; werkplek- en vakbondooreenkomste en -rekords |
| Voorsieningskettingbestuur | Boddokumente; kwotasies; bodkomitees se notules en besluite (elektroniese komitee-opnames); standaardbepalings en -voorwaardes vir die verskaffing van dienste en produkte; kontrakteur-, kliënt- en verskafferooreenkomste; lyste van verskaffers, produkte, dienste en verspreiding; en beleide en prosedures |
| Bemarking en verkope | Kliëntbesonderhede; kredietaansoekinligting; inligting en rekords verskaf deur 'n derde party; advertensie- en reklamemateriaal |
| Risikobestuur en oudit | Ouditverslae; risikobestuursraamwerke; risikobestuursplanne; bedrogvoorkoming en fluitjieblaas; etiekbestuur; belangebotsingbestuur |
| Veiligheid, gesondheid en omgewing | Volledige veiligheids-, gesondheids- en omgewingsrisikobepaling; |

| Onderwerpe waaroor SANParke rekords hou | Kategorieë van rekords gehou vir elke onderwerp |
| --- | --- |
| | omgewingsbestuursplanne; navrae, inspeksies, ondersoeke deur omgewingsowerhede |
| Regsdienste | Regsadvies; litigasie; kontrakte; voldoening; voldoeningskennisgewings |
| IKT | IKT-rekords sluit in, maar is nie beperk nie tot: beleide, standaarde, prosedures en riglyne wat die gebruik van die inligtingstelsels en -toestelle (insluitende rekenaars, mobiele toestelle en netwerke) van SANParke beheer; inligtingsekuriteitsbestuursdokumentasie; rampherstel, sakekontinuïteit en rugsteun- of herstelplanne en verwante toetsverslae; hardeware- en sagteware-bateregisters en konfigurasierekords; stelselargitektuur, tegniese dokumentasie, gebruikersgidse en handleidings vir IKT-platforms en -toepassings; toegangsbestuur en aanvaarbaregebruiksdokumentasie; projek- en veranderingsimplementeringsdokumentasie (insluitende planne en goedkeurings); sagtewarelisensie- en intekeningrekords; en ander stelseldokumentasie, operasionele rekords en handleidings |

## 10. DIE JONGSTE KENNISGEWING BETREFFENDE DIE KATEGORIEË VAN REKORDS VAN SANPARKE WAT BESKIKBAAR IS SONDER DAT 'N PERSOON 'N VERSOEK OM TOEGANG HOEF TE RIG

10.1 Die Inligtingsbeampte het 'n kennisgewing saamgestel wat die kategorieë van rekords uiteensit, wat deur SANParke gehou word en wat beskikbaar is sonder dat dit nodig is om 'n formele versoek te rig deur Vorm 2 te voltooi. Die bogenoemde inligting is geredelik toeganklik vir die publiek en kan verkry word óf by die hoofkantoor óf via SANParke se amptelike webtuiste: https://www.sanparks.org.

## 11. DIENSTE BESKIKBAAR AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK VANAF SANPARKE EN HOE OM TOEGANG TOT DAARDIE DIENSTE TE VERKRY

11.1 SANParke bied akkommodasie en dagbesoekdienste in nasionale parke aan die publiek.

11.2 **Hoe om toegang tot hierdie dienste te verkry**

Toegang tot die dienste van SANParke kan verkry word deur van die volgende kanale gebruik te maak:

11.2.1 **Korporatiewe webtuiste van SANParke www.SANParks.org.** Die webtuiste bied:

11.2.1.1 Omvattende inligting oor die parke en hul tipe akkommodasie;

11.2.1.2 Inligting oor die akkommodasie beskikbaar vir enige datum(s) oor die volgende 12 maande, asook 'n lys van akkommodasie beskikbaar vir die volgende naweek op 'n gegewe tyd; en

11.2.1.3 'n Aanlyn besprekingsfasiliteit (24/7) wat die publiek in staat stel om in een e-handelstransaksie 'n bespreking vir akkommodasie te kies, te betaal en te bevestig, uitstaande gelde te betaal vir besprekings wat via ander kanale gemaak is, 'n bespreking te kanselleer of persoonlike besonderhede by te werk.

11.2.2 **Pretoria – sentrale besprekingskantoor:**

11.2.2.1 Tel.: 012 428 9111

11.2.2.2 Faks: 012 343 0905

11.2.2.3 Dagbesoeke kan oor die algemeen by die toegangshekke van nasionale parke gereël word. Beperkings word in spits- en ander tye op die getal dagbesoekers wat in nasionale parke toegelaat word, geplaas en voornemende besoekers word gemaan om besprekings vooraf te doen om teleurstelling te voorkom.

## 12. OPENBARE BETROKKENHEID BY DIE FORMULERING VAN BELEID OF DIE UITOEFENING VAN BEVOEGDHEDE OF DIE UITVOERING VAN PLIGTE DEUR SANPARKE

12.1 By SANParke sal reëlings vir openbare betrokkenheid die volgende insluit:

12.1.1 **Benoeming van lede van die Raad** – ingevolge die "National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003", kan die publiek persone benoem vir aanstelling op die Raad en ook daarvoor benoem word.

12.1.2 **Openbare deelname** – ingevolge omgewingswette kan die publiek deelneem aan alle omgewingsimpakbepalings- en parkbestuursplanprosesse wat SANParke regtens moet onderneem.

## 13. PROSESSERING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

### 13.1 Oogmerke van prosessering:

13.1.1 om verkope en bemarkingsaktiwiteite te ondersteun;

13.1.2 om die werwing en bestuur van personeel te ondersteun;

13.1.3 om oorlegpleging met diensverskaffers en kliënte te ondersteun;

13.1.4 om oorlegpleging met die algemene publiek te ondersteun;

13.1.5 om oorlegpleging met beleggers en die media te ondersteun; en

13.1.6 om aan belastingwette en wette oor die algemeen te voldoen.

### 13.2 Beskrywing van die kategorieë van datasubjekte en die inligting of kategorieë van inligting wat daarmee verband hou

| Kategorieë van datasubjekte | Persoonlike inligting wat geprosesseer kan word |
|---|---|
| Natuurlike persone (kliënte en die algemene publiek) | Name en van; kontakbesonderhede (kontaknommer(s), faksnommer, e-posadres); woon-, pos- of sakeadres; identiteitsnommer; bestuurslisensie; belastingverwante inligting; nasionaliteit; ras; geslag; huwelikstaat; werkgeskiedenis; finansiële inligting; kriminele gedrag en vertroulike korrespondensie |
| Regspersone (verskaffers, diensverskaffers, vennote, beleggers) | Name van kontakpersone; naam van regsentiteit; fisiese en posadres; kontakbesonderhede (kontaknommer(s), faksnommer, e-posadres); registrasienommer; belastinginligting; BTW-registrasie; finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting en handelsgeheime |

| Kategorieë van datasubjekte | Persoonlike inligting wat geprosesseer kan word |
|---|---|
| Werknemers | Geslag; swangerskap; huwelikstaat; ras; ouderdom; taal; opvoedkundige inligting (kwalifikasies); finansiële inligting; werkgeskiedenis; woon-, pos- of sakeadres; identiteitsnommer; kontakbesonderhede (kontaknommer(s), faksnommer, e-posadres); kriminele rekords; welsyn en hul familielede se mediese geskiedenis; geslag; nasionaliteit; etniese of maatskaplike oorsprong; seksuele oriëntering; fisiese of geestelike gesondheid; gestremdheid; godsdiens; gewete; geloof; kultuur; biometriese inligting van die persoon |

13.3 **Die ontvangers of kategorieë van ontvangers aan wie die persoonlike inligting verstrek kan word**

| Kategorie van persoonlike inligting | Ontvangers of kategorieë van ontvangers |
|---|---|
| Identiteitsnommer, name, registrasienommers van regspersone, BTW- en belastingnommers | Statutêre owerhede; wetstoepassingsowerhede; belastingowerhede; finansiële instellings; mediese skemas; werknemerspensioen- en voorsorgfondse; bedryfsliggame |
| Kwalifikasies | Diensverskaffers vir kwalifikasie verifikasies |

13.4 **Beplande oorgrensvloei van persoonlike inligting**

13.4.1 Artikel 72 van die WBPI bepaal dat persoonlike inligting slegs op sekere voorwaardes na buite die Republiek van Suid-Afrika oorgedra mag word.

13.4.2 SANParke het geen beplande oorgrensvloei van persoonlike inligting nie en voer sy bedrywighede uit op die grondslag dat persoonlike inligting binne die Republiek van Suid-Afrika gehuisves en geprosesseer word. Sou 'n oordrag oor landsgrense vir wettige operasionele oogmerke nodig word, sal sodanige oordrag ter streng

voldoening aan artikel 72 van die WBPI en onderhewig aan toepaslike beveiliging en skriftelike ooreenkomste onderneem word.

13.5 **Algemene beskrywing van inligtingsekuriteitsmaatreëls wat deur die verantwoordelike party geïmplementeer moet word om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van die inligting te verseker**

13.5.1 Fisiese sekuriteitsmaatreëls

13.5.2 Kubersekuriteitsmaatreëls

13.5.3 Opleiding in inligtingsekuriteit

13.5.4 Beleide oor inligtingsekuriteit

13.5.5 Oudits van inligtingsekuriteit

13.5.6 Enige bepaalde sekuriteitsraamwerk wat geïmplementeer is

**14. BESKIKBAARHEID VAN HANDLEIDING**

14.1 Hierdie handleiding word in die volgende amptelike tale beskikbaar gestel:

14.1.1 Engels; Afrikaans;

14.2 SANParke is besig met die proses om die handleiding na Sepedi te laat vertaal.

14.3 'n Afskrif van hierdie handleiding, of die bygewerkte weergawe daarvan, is ook beskikbaar soos volg:

14.3.1 op die webtuiste van SANParke www.sanparks.org;

14.3.2 by die hoofkantoor van die openbare liggaam vir openbare insae tydens gewone kantoorure;

14.3.3 aan enige persoon by versoek en betaling van redelike voorgeskrewe gelde; en

14.3.4 aan die Inligtingsreguleerder by versoek.

14.4 Gelde vir 'n afskrif van die handleiding, soos beoog in aanhangsel B van die regulasies, sal betaalbaar wees vir elke A4-grootte fotostaat wat gemaak word.

## 15. BYWERKING VAN HANDLEIDING

15.1 SANParke sal, indien nodig, hierdie handleiding jaarliks bywerk en publiseer.

**Uitgereik deur**

______________________________

Me. Hapiloe Sello

**Hoof- uitvoerende beampte: SANParke**